

**6 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 13:38-14:33**

### **Konsekwente opvoeding**

Natan het die straf oor die huis van Dawid in duidelike taal aangekondig: “Die swaard sal nooit meer uit jou huis weggaan nie” (2 Sam 12:10). Soos dit so dikwels in die praktyk gebeur, was Dawid in die ontplooiing van die straf onbewus ‘n aktiewe medewerker. Sy tweeslagtige optrede teenoor sy kinders het die tafel gedek vir groot probleme.

Toe Amnon sy suster Tamar verkrag het, het Dawid nie opgetree nie. Sou Absalom sy broer Amnon vermoor het as Dawid die oortreding gepas gestraf het?

Absalom moes vlug. Vir drie jaar moes hy in die vreemde teen die woede van Dawid skuil. Uiteindelik is Dawid slinks oorreed dat Absalom mag terugkeer na Jerusalem. Die voorwaarde wat Dawid stel was egter: “Laat hom na sy eie huis toe gaan. Vir my mag hy nie sien nie”. Joab het die koning later oorreed dat Absalom hom wel mag sien. Toe hy by Dawid kom het die koning hom gesoen!

Dawid laat sekere oortredings sienderoë toe. Dan is hy weer uitermate streng. Op die ou end is hy weer verbasend toeskietlik.

Wat doen so ‘n inkonsekwente optrede van ‘n ouer aan ‘n kind? Dit maak van die kind iemand sonder vaste beginsels. Afhangende van omstandighede wag hy/sy, selfsugtig sy/haar kans af. Daarom sê die Bybel: “Behandel jou seun streng, dan is daar hoop, maar moet jou nie te buite gaan nie” (Spr 19:18).

Ware liefde hou ‘n kind liefdevol vas én dissiplineer (Spr 13:24).

*Sing: Skrifberyming 15:1      Ds APC Duvenage (Emeritus)*